

Kopwond: Vergete slagoffers van die Bosoorlog

(Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 2011, 208pp. ISBN: 9780624052876)

Anthony Feinstein

Emile C Coetzee

Mafikeng kampus

Noordwes-Universiteit

24117889@nwu.ac.za

In die tydperk van 1966-1989 het die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag (SAVM) 'n oorlog gevoer om die grense van die destydse Suid-Wes Afrika (tans Namibië) teen aanvalle vanuit Angola te beveilig. Jong Suid-Afrikaanse dienspligtiges was na die grens gebied gestuur om nasionale diensplig te voltooi wat tot twee jaar kon strek. Duisende soldate het hul lewens op die grens verloor, maar hul terugkerende kamerade het die grens verlaat met sielkundige letsels wat behandel moes word. Die SAVM het wel professionele sielkundiges in die weermag gehad wat die getraumatiseerde soldate moes behandel, maar die bevindings van die SAVM sielkundiges het tot dusver min aandag van militêre historici gekry.

Kopwond, vergete slagoffers van die Bosoorlog deur Feinstein kan gesien word as deel van 'n reeks publikasies wat handel oor die grensoorlog, wat in die laaste tien jaar aansienlik toegeneem het. Sy werk is uniek in die opsig dat dit handel oor die eerstehandse ervaringe van 'n mediese offisier wat as sielkundige in die SAVM gedien het. Met die eerste oogopslag van die titel word die indruk geskep dat die boek net handel oor die emosionele aftakeling van SAVM soldate wat in die grensgebied operasioneel was. Inteendeel: *Kopwond...* begin sinvol by Feinstein as konteks... amper soos 'n gewone herinneringskrif (*memoir*) met 'n hoofstuk oor die kinderjare van die skrywer. Feinstein het in 'n sorgvrye huishouding groot geword met al die nodige stimulasies om hom aan te spoor om nuwe hoogtes in akademiese studies en in sy musiek te behaal. Hierdie gedeelte van die boek is in 'n apologetiese toon geskryf. Dit wil ook die indruk skep dat die skrywer 'n swaar skuldgevoel beleef jeans Apartheid en dat hy dus die eerste gedeelte van sy herinneringskrif gebruik om van hierdie skuldgevoel ontslae te raak.

Feinstein se werk is merendeels geskryf vir Jan Publiek as vir 'n akademiese lesersgroep. Laasgenoemde mag selfs neerkyk op die taalgebruik en die afwesigheid van verwysings na die gevalle wat hy waargeneem het. Alhoewel dit dalk bekend is dat soldate se gewone taalgebruik nie altyd voorbeeldig is nie, is dit symsiens onnodig om herhalend in die teks te wees ten opsigte van kragwoorde. Die argument dat vloek deel is van die uitdrukking van 'n soldaat se ervaring, en help bou aan 'n lewensgetroue indruk oor die by tye se hardheid van lewe in die weermag, se geloofwaardigheid kan verflou wanneer dit steurend herhalend word. Dieselfde geld vir die triviale in-diepte beskrywings oor die reuke en omstandighede waarin die skrywer moes vertoeft. Vir sommige lesers mag huis dit meer begrip van die omstandighede gee.

Reeds ten aanvang van die boek kry die leser 'n goeie idee van kampelewe. Die klimaat in militêre kampe was opvallend nie gemaklik nie. Oorlogsomstandighede was ook nog nooit vir 'n ieder en elke soldaat maanskyn en rose nie. Dalk mag sommige lesers ook die skrywer se gekla oor lewe in die Suid-Afrikaanse Weermag betwis. Elk het 'n mening, maar moet daar gewaak word teen eensydigheid. Vooroordeel kan steurend raak. In die lig egter daarvan dat die publikasie vir 'n gehoor veel wyer is as die akademie, is dit seker 'n aanvaarbare benadering tot die neerpen van persoonlike herinneringe wat uiteindelik binne 'n veel omvattender wetenskaplike diskouers bevestig of betwis mag word.

Vir konteks is Feinstein as professionele sielkundige se loopbaan in die SAVM geskets: Eers was hy gestasioneer by No. 1 Militêre Hospitaal in Pretoria. Daar het hy begin om met pasiënte te werk wat deur senuwee instortings gegaan het. Sy beskrywings oor die trauma wat soldate beleef het, is besonder interessant en die leser word meegevoer deur die intensiteit en belewenis van sommige oorlogssituasies.

Feinstein se professionele lewensreis het hom ook in 'n stadium tot in die hartjie van Suidwes Afrika (Namibië) gebring. Saam met ander mediese offisiere was hy getaak om die weermaglede by die Oshakati-basis by te staan. Oënskynlik was daar somtyds struwelinge onder die mediese personeel, en het dit nie altyd maklik gegaan nie. Oor sy belewenisse daar, is hy besonder blatant. Veral 'n sekere "Pete" is vir hom 'n steen des aanstoots. Die druk en spanning van oorlogsumstandighede buite Suid-Afrikaanse grense en weg van die bekende, kan waarskynlik nie uitgesluit word nie. Tog was die geestelik afwykende pasiënte in Oshakati-basis minder, en die gevaar van verveeldheid groter. Gevolglik is selfs gewone pasiënte buite die Oshakati-basis en gesinslede

van weermagbestuur behandel. In hierdie deel dwaal Feinstein besonder weg van die gewone soldaat, maar is hierdie belewenisse in sy lewensreis van belang om 'n begrip te kry van die groter geestelike impak wat oorlog ook op gesinne na aan die berede soldaat kan beleef.

Ná byna 'n jaar te Oshakati is Feinstein verplaas na die buite-pos, Tshandi. Dit is hier waar Feinstein 'n vuurdoop beleef om in aktiewe omstandighede van skermutselings homself te moet kan verdedig. Sy persoonlike vuurdoop word oorskadu deur ander prikkelende insidente soos die senuwee-skade van sy offisier, en belewenis van sy kaptein. Die kaptein byvoorbeeld is, geteister deur nagmerries, moet gehelp word, en die offisier moet ondersteun word om uit die sielkundige kloue van 'n vreesbevangenheid te kom. Ook moet die houding van Feinstein se mede-soldate by Tshandi genoem word. Dit blyk uit sy beskrywing dat die soldate by hierdie buite-pos meer bombasties en vreesloos wou voorkom in vergelyking met die soldate wat nie in 'n gevaaarsone patrolliediens moes doen nie. Feinstein verwys na hierdie bombastiese en ekstreme houding van die soldate as die sogenaamde "Weermag se Mantra", 'n veralgemening wat dalk nie in alle situasies geregtig kan word nie. Ook sou geargumenteer kon word dat die skrywer probeer oordra dat soldate soms tydens 'n oorlog hul vrees en spanning wou oorwin deur voor te gee dat hulle oor 'n onbreekbare manlikheid beskik wat in stand gehou is in groepsverband.

Ná Feinstein se kort verblyf by Tshandi word hy teruggestuur na Suid-Afrika waar hy gedurende 1990-1994 diens verrig in van die swart woonbuurte van die eertydse Transvaal provinsie (byname Sedibeng), en waar hy ook die trauma van geweld en moorddadige aksies beleef het.

Kopwond... sluit af waar Feinstein, meer as twintig jaar later, deur die nuwe Republiek Namibië reis, met die doel om ou bekende plekke te besoek en herinneringe daaroor te koester. Dit blyk dat Feinstein ook wil argumenteer dat die oorlog sinneloos was maar dat die nuwe magshebbers in Namibië ook nie die plaaslike bevolkings enigsins gehelp het nie. In vele opsigte is Feinstein se slotindrukke oor sy lewensreis 'n eie interne gesprek (dalk worsteling) met wat goed en as minder sinvol beleef is gedurende sy jare as werknemer van die SAVM, en sy belewenis daarvan dekades weg.

Feinstein se werk is 'n besliste bydrae, en dalk 'n eerste, in die traumatische belewenisse van gewone mense wat as soldate diens gedoen het, vanuit die pen van die sielkundige as dokter self. Senuwee-ineenstortings en die sielkundige aftakeling van oorlog op die Suid-Afrikaanse soldaat in die grensoorlog is

prominent. Hierdie terrein van studie is betreklik jonk, en daarom word die bydrae van Feinstein verwelkom. Sommige lezers mag dalk teleurgesteld wees oor Feinstein soms meer op homself fokus ten opsigte van sy eie traumatische ervaringe, in plaas daarvan om 'n balans te vind tussen sy eie stryd en dié van sy pasiënte. Ook die ware traumatische impak van oorlog in die psige van die soldaat is in *Kopwond...* ongelukkig verdoof. Dalk is hierdie leemtes die aansporing vir verdere studies oor die wesenlike geestelike skade wat oorlog aan mense in Suid-Afrika in die verlede aangerig het.

AB Xuma: Autobiography and selected works

(Cape Town: Van Riebeeck Society, 2012, 402 pp., bibl., index. ISBN:
978-0-9814264-3-3)

Peter Limb (ed.)

Barend van der Merwe
Free State Provincial Archives
vandermerwe.bj@sacr.fs.gov.za

It can well be said that Dr AB Xuma, president of the African National Congress (ANC) from 1940 to 1949, is a very unfortunate figure in terms of historiography. On the one hand, much like the people he represented as a leader, his life was not documented in a fitting manner. Poor record-keeping of black South Africans was standard practice in South Africa at the time – and one that Dr Xuma, as a medical doctor, often deplored as an obstacle to proper health care.

However, there is another and probably greater reason why this interesting historical role-player has not yet been fittingly celebrated in South Africa. For just as young leaders and the old guard are at odds in the new South Africa, so it was when Dr Xuma was at the height of his powers. And it was the ANC's most famous struggle icon of all times, Nelson Mandela, who dealt the most damaging blow to how Dr AB Xuma would be remembered in our history books. To the young Madiba, Dr Xuma represented a conservative class, paternalistic in views, reluctant to act, and in a word – outdated.